

Luc: ons baba met Down se sindroom en BabaGim

Roché Snyman



Ons tweede kind is in Februarie 2006 gebore: 'n pragtige babaseuntjie, Luc. Hoewel hy in alle opsigte sterk en gesond was, is Luc kort na geboorte met Down se sindroom gediagnoseer. Hierdie genetiese afwyking kom voor wanneer daar 'n ekstra kopie van chromosoom 21 gevorm word tydens bevrugting. Die baba het dus altesaam 47 chromosome, wat verskeie simptome kan veroorsaak, onder meer ontwikkelingsagterstande, sekere unieke liggaamlike kenmerke en 'n verhoogde risiko vir sekere siektetoestande.

Ons het eerste op Luc se liggaamlike ontwikkeling gefokus. Dit was toe dat ons kennis gemaak het met die wêreld van BabaGim, danksy die ongelooflike ondersteuning en aanmoediging van dr. Melodie de Jager, wat BabaGim ontwikkel het. Dit was kort na Luc se eerste verjaardag en hy het nog nie gekruip nie, hoewel hy nie die tipiese lae spiertonus gehad het wat gewoonlik met Down se sindroom geassosieer word nie. Dr. de Jager het dadelik vir my die basiese BabaGim-masseertegniek geleer, asook 'n paar oefeninge wat spesifiek daarop gemik was om die brein die basiese bewegings te leer en terselfdertyd die nodige spiere vir kruip te versterk. En natuurlik moes ek ook sy oortjies vryf.

Ek het huis toe gejaag en dadelik vir almal in Luc se omgewing geleer wat om te doen. Ons het tydig en ontydig sy ore gevryf, hom gemasseer en rompoefeninge met hom gedoen terwyl ons "Die wiele van die bus gaan om en om ..." gesing het! Arme Luc het seker gedink ons het almal ons varkies verloor! Hy was egter ook baie nuuskierig en die "I LOVE YOU" op sy magie het hom veral geboei. Ons het 'n koelboks gekoop en 'n interessante speelding bo-op geplaas om sy aandag te trek en hom aan te moedig om in die kruipposisie te kom.

Twee weke nadat ons die BabaGim-program begin volg het, het Luc behoorlik begin kruip, al was dit nog stadig. Sy brein het geleer om die regte bewegings uit te voer en sy spiere te koördineer om te kruip, maar sy spiere was nog steeds te swak om meer as 4 treetjies op 'n slag te vorder. Dr. de Jager het ons aangemoedig om vol te hou met die romprotasies en fietsietrapoefeninge om sy spiere te versterk. Dit, saam met die orevrywery, was so geslaagd dat

ons seuntjie binne 'n maand die wêreld vol gekruip het – teen so 'n spoed dat ons vandag nog sukkel om hom in te haal!

Op 18 maande het Luc nog steeds sterk gekruip. Ons het geen druk op hom geplaas om te begin loop nie, aangesien ons in BabaGim geleer het dat die kruipaksie geweldig voordelig was vir sy breinontwikkeling. Ander nuttige oefeninge het gehelp om die gesigspiere en tong te stimuleer ten einde hom meer bewus te maak van hierdie organe en die spiere te versterk. Down se sindroom lei tot lae spiertonus, wat veroorsaak dat die tong op kenmerkende wyse uit die mond hang. Die BabaGim-oefeninge het reeds hierdie gedrag in so 'n mate laat afneem dat mense gereeld kommentaar lewer op die feit dat sy tongetjie al hoe minder uithang. Hierdie oefeninge sal beslis ook help met sy spraakontwikkeling.

Ek het sedertdien die BabaGim-Instrukteurskursus voltooi en staan verstom oor die vinnige ontwikkelingsveranderinge by die babas vir wie ek die BabaGim Ferm Grondslag moes aanbied as deel van my praktiese opleiding. Ek glo onwrikbaar aan BabaGim en ons is dr. De Jager se werk ewig dankbaar, aangesien ons Luc beslis 'n bewys is van die ontwikkelingsvoordele wat die program inhou.

Luc is nou 22 maande oud en, tot groot vreugde van sy hele familie wat almal bymekaar was vir Kersfees, het hy begin loop! Ons is so trots op hom! Hy is so sterk en moedig en hy loop elke dag 'n bietjie verder en sterker. Die toejuiging van die hele familie, wat definitief net so geesdriftig was as vir die Springbokspan wat die Wêreldbeker gewen het, inspireer hom om nog harder te probeer – hy is mal daaroor! Dankie aan BabaGim wat daardie spiere help sterk maak het!

